

BADISA

Registrasienommer as organisasie sonder winsoogmerk : 011-891

PROGRAM: HUIS ANDREW MURRAY

FINANSIËLE JAARSTATE - 31 MAART 2016



Geoktrooleerde Rekenmeesters (S.A.)
Chartered Accountants (S.A.)

*Ons verstaan besigheid....
We understand business....*

BADISA

Registrasienommer as organisasie sonder winsoogmerk : 011-891


PROGRAM: HUIS ANDREW MURRAY

FINANSIËLE JAARSTATE - 31 MAART 2016

INHOUD

BLADSY

Gekwalifiseerde verslag van die Onafhanklike Ouditeure	1 - 2
Verklaring van Beheerraad	3
Balansstaat	4
Inkomstestaar	5 - 7
Kontantvloeistaar	8
Bylae 1 tot die finansiële jaarstate	9
Aantekeninge tot die finansiële jaarstate	10 - 14

A handwritten signature in black ink, consisting of several loops and strokes, located in the bottom right corner of the page.

GEKWALIFISEERDE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE AAN DIE VOORSITTER EN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN HUIS ANDREW MURRAY

Ons het die finansiële jaarstate van Huis Andrew Murray geoudit. Hierdie finansiële jaarstate bestaan uit die balansstaat soos op 31 Maart 2016, die inkomstestaat en die kontantvloeistaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, soos uiteengesit op bladsye 3 - 14.

Beheerraad se Verantwoordelikheid vir die Finansiële Jaarstate

Die program se beheerraad is verantwoordelik vir die opstel en redelike aanbieding van hierdie finansiële jaarstate ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standard for Small and Medium-sized Entities' ('IFRS for SME's') en op die wyse wat deur die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike aanbieding van die finansiële jaarstate wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die selektering en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek. Ons het die audit ooreenkomstig Internasionale Auditstandaarde uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële jaarstate vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Audit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële jaarstate. Die prosedures wat geselekteer word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële jaarstate, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikoboordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die program se opstel en redelike aanbieding van die finansiële jaarstate, ten einde auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die program se interne beheer nie. 'n Audit sluit ook 'n evaluering in van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van die rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons gekwalifiseerde auditmening te bied.

Grondslag vir Gekwalifiseerde Mening

Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie gebruikelik vir die program om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor kontantinvorderings ten opsigte van skenkings voor die aanvanklike inskrywing van die invorderings in die rekeningkundige rekords nie. Dienooreenkomstig was dit nie vir ons prakties moontlik om ons ondersoek verder as die ontvangste wat werklik aangeteken is, uit te brei nie.

GEKWALIFISEERDE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE AAN DIE VOORSITTER EN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN HUIS ANDREW MURRAY (VERVOLG)

Grondslag vir Gekwalifiseerde Mening (vervolg)

Die rekenkundige beleid (Sien nota 1.2 paragraaf 5) is strydig met die beginsels van 'IFRS for SME' wat behels dat:

- alle tasbare bates wat vir langer as een jaar gebruik gaan word, moet gekapitaliseer word;
- waardevermindering moet oor die verwagte nuttige lewensduur afgeskryf word tot by die bate se geraamde reswaarde aan die einde van sy lewensduur;
- kapitale verbeteringe aan geboue moet gekapitaliseer en daarna gedepresieer word oor die nuttige lewensduur van die verbetering.


Gekwalifiseerde Mening

Na ons mening, behalwe vir die uitwerking op die finansiële jaarstate van die aangeleentheid wat in die paragraaf Grondslag vir Gekwalifiseerde Mening bespreek is, is hierdie finansiële jaarstate, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike aanbieding van die finansiële stand van Huis Andrew Murray soos op 31 Maart 2016, en van die program se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die 'IFRS for SME's' en op die wyse wat deur die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk vereis word.



THERON DU PLESSIS DURBANVILLE ING.
Geregistreeerde Ouditeure
Per: B Swenson

30 Junie 2016
Durbanville



VERKLARING VAN BEHEERRAAD

Daar word van die beheerraad vereis om omvattende rekeningkundige rekords te handhaaf en verantwoordelik te wees vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate ter voldoening aan die 'IFRS for SME's' 'n redelike weergawe is van die program se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloeï vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'IFRS for SME's' opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en waar van toepassing, deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die beheerraad erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die program ingestel het en plaas aansienlike klem op die handhawing van streng beheer. Sodat die beheerraad die verantwoordelikhede kan nakom, stel die raad standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker.

Die beheermaatreëls word deur die hele program gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die program se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is.



Die program se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die program. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die program dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die beheerraad is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesentliche wanvoorstelling of verlies.

Die beheerraad het die program se kontantvloeivooruitskatting vir die jaar tot 31 Maart 2017 geëvalueer en is, in die lig hiervan tesame met die huidige finansiële posisie oortuig dat die program toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike audit van die program se finansiële jaarstate en om daarvoor verslag te doen. 'n Eksterne audit is uitgevoer op hierdie finansiële jaarstate deur die program se eksterne ouditeure en hul verslag word op bladsy 1-2 aangebied.

Die finansiële jaarstate soos uiteengesit en op die lopende saakgrondslag opgestel, is deur die beheerraad goedgekeur en namens hulle onderteken deur:


.....
VOORSITTER
.....
ADMINISTRATIEWE BEAMPTTE
30 Junie 2016

BALANSSTAAT OP 31 MAART 2016

	Aant	2016 R	2015 R
BATES			
Nie-bedryfsbates		3,007,398	2,524,040
Vaste bates	2	329,341	396,575
Beleggings	3	2,678,057	2,127,465
Bedryfsbates		136,946	292,044
Rekeninge ontvangbaar	4	59,788	134,746
Banksaldo		73,658	157,298
Kontant voorhande		3,500	-
		<u>3,144,344</u>	<u>2,816,084</u>
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEID			
Kapitaal en reserwes		2,223,603	2,307,473
Onaangewende surplus	5	982,692	1,411,101
Spesiale reserwes (Bylae 1)		1,240,911	896,372
Bedryfslaste		920,741	508,611
Rekeninge betaalbaar	6	920,741	508,611
		<u>3,144,344</u>	<u>2,816,084</u>

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016

	Aant	2016 R	2015 R
INKOMSTE			
DONASIES EN BEMAKINGS		1,587,104	449,480
Gemeentes		138,394	95,116
Erflatings		226,360	594
Goedere in natura		1,221,250	353,770
Debietorders		1,100	-
TOEKENNING: NLDTF	8	7,970	-
- Bruto toekenning		7,970	-
BADISA BESTUURSPROGRAM BYDRAE		-	33,575
DIVERSE INKOMSTE		10,353	2,456
FONDSINSAMELING - HAMPERMANDJIE		-	58,305
VERHALING VAN UITGAWES		-	48,667
FONDSINSAMELING		636,730	391,511
HUUR ONTVANG		500	-
TOENAME IN MARKWAARDE VAN AANDELE		72,252	41,146
RENTE EN DIVIDENDE ONTVANG		134,358	107,086
VERSEKERINGSEISE ONTVANG		13,766	33,061
SUBTOTAAL		2,463,033	1,165,288
Subsidies	7	5,188,303	5,068,788
BEDRYFSINKOMSTE		7,651,336	6,234,076
BEDRYFSTEKORT VIR DIE JAAR		83,869	-
BEDRYFSINKOMSTE TOTAAL		7,735,206	6,234,076
UITGAWES			
SALARISSE		3,199,597	3,095,572
Administratief		650,138	220,878
Huishoudelik		1,004,003	1,774,448
Professioneel		856,114	513,759
Bonusse		193,353	133,673
Mediesefondsbydraes		94,674	85,951
Pensioenfondsbydraes		186,273	191,891
Werkloosheidsversekeringsfonds		24,787	21,600
Vergoedingskommissaris		157,227	11,162
Personeelontwikkeling		17,134	98,765
Personeelwerwing		15,283	42,725
Versekering : maatskaplike werkers		612	720
Subtotaal oorgedra		3,199,597	3,095,572

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016 (vervolg)

Aant	2016 R	2015 R
Subtotaal oorgebring	3,199,597	3,095,572
VERVOERUITGAWES	158,138	134,413
Brandstof	82,888	89,429
Onderhoud voertuie	61,022	23,979
Reis- en verblyfkoste	4,183	-
Versekering en lisensies	2,108	5,692
Vervoerkoste : busse en treine	7,938	15,313
KANTOORUITGAWES	872,521	698,796
Munisipale dienste		
- Elektrisiteit	307,559	305,036
- Water en sanitasie	243,835	158,183
- Vullisverwydering	21,402	19,510
Drukwerk en skryfbehoeftes	161,747	94,500
Heffings, registrasie en affiliasie	64,185	53,580
Onderhoud kantoortoerusting	29,559	23,679
Telefoon en posgeld	44,234	44,309
GROND EN GEBOUE	652,957	229,071
Instandhouding	585,978	157,406
Versekering	66,980	71,665
HUISHOUDELIKE UITGAWES	2,655,386	1,693,095
Was en skoonmaak	127,475	27,846
Kruideniersware	1,363,867	1,100,244
Linne	37,420	5,081
Klerasie	133,417	24,900
Medies	35,670	36,479
Onderwys, uitstappies en ontspanning	938,694	437,999
Sakgeld	14,037	49,446
Vervangings	4,805	11,100
SPESIALE DIENSTE	125,022	24,791
Bankkoste	31,959	21,064
Fondsinsameling	79,609	400
Konsultasie en professionele fooie	692	-
Openbare skakeling en bemarking	12,759	3,300
Rente betaal	2	26
UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERING OORGEDRA	7,663,620	5,875,738

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016 (vervolg)

	Aant	2016 R	2015 R
UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERING OORGEBRING		7,663,620	5,875,738
WAARDEVERMINDERING		71,586	89,106
Ameublement en toerusting		12,079	13,421
Rekenaartoerusting		4,351	6,740
Motorvoertuie		55,156	68,945
BEDRYFSUITGAWES		7,735,206	5,964,844
BEDRYFSURPLUS VIR DIE JAAR		-	269,232
BEDRYFSUITGAWES TOTAAL		7,735,206	6,234,076
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR			
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(83,869)	269,232
KAPITALE BESTEDING		-	(223,998)
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) NA KAPITALE BESTEDING		(83,869)	45,234
BEWEGINGS IN RESERWEFONDSE			
Verhalings uit:		4,882	150,000
- Instandhoudingsfonds		702	150,000
- Ameublementvervangingsfonds		55	-
- Motorvervangingsfonds		437	-
- Algemene fonds		3,688	-
Bydraes tot:		(349,325)	(62,944)
- Instandhoudingsfonds		(154,915)	(9,143)
- Ameublementvervangingsfonds		(37,763)	(22,619)
- Motorvervangingsfonds		(98,888)	(2,583)
- Algemene fonds		(57,759)	(28,599)
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(428,312)	132,290

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016

	Aant	2016 R	2015 R
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE		474,804	174,812
Kontantontvangste vanaf kliënte		7,651,336	6,234,076
Kontantbetalings aan werknemers en leweransiers		(7,310,889)	(6,166,324)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	1	340,448	67,752
Beleggingsinkomste		134,358	107,086
Rente betaal		(2)	(26)
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		(554,944)	(349,893)
Aankoop van vaste bates		(4,352)	(58,512)
Afname / (Toename) in beleggings		(550,592)	(291,381)
NETTO TOENAME IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		(80,140)	(175,081)
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE BEGIN VAN JAAR		157,298	332,380
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE EINDE VAN JAAR		77,158	157,298

1 REKONSILIASIE VAN KONTANT DEUR BEDRYWIGHEDE VOORTGEBRING MET NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR



Netto surplus / (tekort) vir die jaar	(428,312)	132,290
Aansuiwerings vir :		
- Waardevermindering	71,586	89,106
- Beleggingsinkomste	(134,358)	(107,086)
- Rente betaal	2	26
- Bewegings op reserwefonds	344,443	(87,056)
Bedryfsurplus / (tekort) voor bedryfskapitaalveranderinge	(146,639)	27,280
Bedryfskapitaalveranderinge		
- (Toename) / Afname in debiteure	74,958	(83,159)
- Toename / (Afname) in krediteure	412,130	123,630
Kontant deur bedrywighede voortgebring	340,448	67,751

HUIS ANDREW MURRAY

9

RESERWEFONDSE (BYLAE 1)

	Instand- houdings- fonds R	Ameublement- vervangings- fonds R	Motor- vervangings- fonds R	Algemene fonds R	2016 Totaal R	2015 Totaal R
Saldo begin van die jaar	13,670	384,120	43,998	454,583	896,372	983,428
Plus:	155,012	37,763	98,888	57,759	349,421	66,297
Bydraes	154,000	12,034	95,881	-	261,915	-
Bilike waarde aanpassing	-	-	-	44,241	44,241	20,367
Rente	1,012	25,729	3,007	-	29,748	43,448
Dividende	-	-	-	13,518	13,518	2,482
Min:	(702)	(55)	(437)	(3,688)	(4,882)	(153,353)
Onttrekkings	(702)	(55)	(437)	(3,688)	(4,882)	(153,353)
Saldo einde van die jaar	167,980	421,828	142,449	508,654	1,240,911	896,372

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**1. REKENINGKUNDIGE BELEID****1.1 Aanbieding van finansiële state**

Die finansiële state is ooreenkomstig 'IFRS for SME' opgestel. Die finansiële state is op die historiese koste grondslag opgestel en word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied. Die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié van die vorige tydperk. Die volgende is die hoof rekeningkundige beleid wat gebruik word.

1.2 Vaste bates

Vaste bates is tasbare items wat:

- Gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere en dienste, vir verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes; en
- sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word.

Voertuie en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalings verliese. Vaste bates as skenkings of bemakings ontvang, word teen nominale waarde getoon.

Koste sluit in alle koste wat aangegaan is om die bate by die plek af te lewer en die toestand wat nodig is om dit in staat te stel om te funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog is.

Waardevermindering op voertuie en toerusting word voorsien volgens metodes wat geskik is om die afskryfbare bedrag van die bates oor hul ekonomiese lewensduur af te skryf.

Die volgende waardeverminderingsmetodes en ekonomiese lewensdure is aan die onderskeie bates toegeken:

- Meubels en toerusting - 10% volgens die verminderde saldo-metode;
- Rekenaartoerusting - 33.33% volgens die reguitlyn-metode;
- Voertuie - 20% volgens die verminderde saldo-metode.

Bykomend tot die bogenoemde:

- aankope van tasbare bates met 'n koste van R3,000 en minder word erken as 'n uitgawe in die periode aangegaan;
- aankope van tasbare bates met 'n koste van tussen R3,000 en R7,000 word wel gekapitaliseer, maar die volle bedrag word as waardevermindering afgeskryf in die jaar van aankope;
- kapitale verbeteringe aan geboue word direk in die surplus of tekort vir die jaar waarin dit aangegaan is erken.


Wins en verlies met verkope word bereken deur die opbrengs met die drabedrag te vergelyk en word in surplus of tekort in die tydperk erken.

1.3 Finansiële instrumente**Aanvanklike meting**

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksie prys. Dit sluit transaksiekoste in, behalwe vir finansiële instrumente wat gemeet word teen billike waarde deur wins of verlies.

Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste

Skuldinstrumente, soos omskryf in die standaard, word gevolglik gemeet teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiewe rentekoers metode. Skuldinstrumente wat geklassifiseer word as bedryfsbates of bedryfslaste, word gemeet op die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat na verwagting ontvang of betaal sal word.



AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**1.3 Finansiële instrumente (Vervolg)****Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste (Vervolg)**

Aan die einde van elke verslagdoeningsdatum word die drabedrae van bates gehou in hierdie kategorie hersien, om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien wel, word 'n waardedalingsverlies erken.

Finansiële instrumente teen kosprys

Verpligtinge om 'n lening te kry word gemeet teen kosprys minus enige waardedaling.

Ekwiteitsinstrumente wat nie in die openbaar verhandel word nie en waarvan die billike waarde andersins nie betroubaar gemeet kan word nie, word gemeet teen kosprys minus enige waardedaling. Dit sluit in ekwiteitsinstrumente gehou in ongenoteerde beleggings.

Finansiële instrumente teen billike waarde

Alle ander finansiële instrumente word gemeet teen billike waarde deur wins en verlies.

1.4 Spesiale reserwefondse

Die bedrae getoon verteenwoordig kapitaal en opgehoopte rente van die fondse waarvan die hele opbrengs vir gespesifiseerde doeleindes aangewend mag word.

1.5 Korttermyn werknemervoordele

Die koste van korttermyn werknemervoordele (dié wat betaalbaar is binne 12 maande nadat sodanige diens gelewer is soos betaalde verlof) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie verdiskonteer nie.

1.6 Staatstoekennings

Toekennings wat nie gespesifiseerde toekomstige prestasie voorwaardes vereis nie, word erken in inkomste wanneer die toekenning opbrengs ontvangbaar is. Toekennings wat gespesifiseerde toekomstige prestasievoorwaardes vereis, word erken in inkomste slegs wanneer die prestasievoorwaardes nagekom is. Toekennings wat ontvang is voor die inkomste-erkenningskriteria nagekom is, word erken as 'n las. Toekennings word gemeet teen die billike waarde van die bate ontvang of ontvangbaar.

1.7 Inkomste erkenning


Inkomste word bereken teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of ontvangbaar is en verteenwoordig die ontvangbare bedrae vir goedere en dienste wat in die normale gang van sake verskaf word, na aftrekking van handelskortings en hoeveelheidskorting en belasting op toegevoegde waarde.

Ander inkomstes wat verdien word, word op die volgende basisse erken:

- Rente inkomste soos dit oploop (met inagneming van effektiewe opbrengs op bate) tensy invorderbaarheid twyfelagtig is.
- Skenkings, bemakings en fondsinsamelings - wanneer die bedrae fisies ontvang word.
- Huur/losies inkomste - soos dit oploop, ooreenkomstig die ooreenkoms voorwaardes.

1.8 Leenkoste

Leenkoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as 'n uitgawe erken.

Handwritten signature and initials in the bottom right corner of the page.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2016 R	2015 R
2 VASTE BATES		
2.1 MEUBELS EN TOERUSTING		
Kosprys begin van die jaar	340,934	285,930
Plus: Aankope	-	55,004
Kosprys einde van die jaar	340,934	340,934
Min: Opgelope waardevermindering	(232,221)	(220,142)
Boekwaarde einde van die jaar	108,713	120,792
2.2 MOTORVOERTUIE		
Kosprys begin van die jaar	701,001	701,001
Min: Opgelope waardevermindering	(480,377)	(425,221)
Boekwaarde einde van die jaar	220,624	275,780
2.3 REKENAARS		
Kosprys begin van die jaar	74,627	71,119
Plus: Aankope	4,352	3,508
Kosprys einde van die jaar	78,979	74,627
Min: Opgelope waardevermindering	(78,975)	(74,624)
Boekwaarde einde van die jaar	4	3
2.4 VASTE EIENDOM		
Die perseel en geboue van Huis Andrew Murray is die eiendom van die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) en word in die finansiële state van die GHBM getoon.		
TOTALE BATES		
Kosprys begin van die jaar	1,116,562	1,058,050
Plus: Aankope	4,352	58,512
Kosprys einde van die jaar	1,120,914	1,116,562
Min: Opgelope waardevermindering	(791,573)	(719,987)
Boekwaarde einde van die jaar	329,341	396,575
3 BELEGGINGS		
Allan Gray Beleggingsfonds*	2,176,714	1,566,962
Investec Geldmark	501,344	560,503
	2,678,057	2,127,465

* Die belegging word getoon teen markwaarde.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2016 R	2015 R
3 BELEGGINGS (VERVOLG)		
Toegedeel as volg:		
Huis Andrew Murray	1,437,146	1,231,094
Spesiale fondse (Sien bylae 1)	1,240,911	896,371
Instandhoudingsfonds	167,980	13,670
Ameublementvervangingsfonds	421,828	384,120
Motorvervangingsfonds	142,449	43,998
Algemene fonds	508,654	454,583
	<u>2,678,057</u>	<u>2,127,465</u>
4 REKENINGE ONTVANGBAAR		
Korttermynlenings ontvangbaar - HAM Trust	3,744	-
BTW ontvangbaar	34,449	75,171
Deposito's betaal	8,000	8,000
Vooruitbetaalde uitgawes	13,595	51,574
	<u>59,788</u>	<u>134,746</u>
5 ONAANGEWENDE SURPLUS		
Saldo begin van die jaar	1,411,101	1,278,811
Surplus / (tekort) vir die jaar	(428,312)	132,290
Saldo einde van die jaar	<u>982,789</u>	<u>1,411,101</u>
6 REKENINGE BETAALBAAR		
Rekening betaalbaar	615,390	444,448
Voorsiening vir verlof	151,671	34,860
Voorsiening vir bonusse	70,985	-
BADISA Bestuursprogram	9,350	-
Projekfondse voorhande - Sosiale ontspanningskomitee	39,836	22,288
Projekfondse voorhande - Huis fondse	22,511	7,015
Projekfondse voorhande - Leeuwenkuil Family Vineyards	10,998	-
	<u>920,741</u>	<u>508,611</u>
7 SUBSIDIE - DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING		
- Hoofdelike Subsidie	<u>5,188,303</u>	<u>5,068,788</u>
(Subsidie ten opsigte van April 2015 - Maart 2016)		
Verdeel as volg:		
Provinsiale administrasie		
- Wes-Kaap	5,188,303	5,068,788
	<u>5,188,303</u>	<u>5,068,788</u>

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2016 R	2015 R
8 NATIONAL LOTTERY DISTRIBUTION TRUST FUND		
STAAT VAN ONTVANGSTES EN BETALINGS		
ONTVANGSTES		
Toekenning ontvang	7,970	-
	7,970	-
BETALINGS	7,970	-
Munisipale dienste	5,548	-
Vervoeruitgawes	2,422	-
FONDSE VOORHANDE	-	-

Hierdie staat van ontvangstes en betalings is 'n uittreksel uit die finansiële jaarstate.

